Sondag 27 Aug. 2023 - Marcel Floor

## Liturgie:
Votum & Seëngroet
Lied 199:1-3
Geloofsbelydenis - HK Sondag 33 V&A 90
Riglyn vir ’n lewe wat deur die Gees beheer word (Gal. 5:13-26 83AV)
Die vrug van die Gees in ons eie lewe?
Ps. 9-2:1, 3 & 5
Gebed
Kinderkerk
Ps. 100-1:1-4
Tema: Hoe kan ek vreugde ervaar? (1)
Preek
Gebed
Dankoffer vir barmhartigheid
Lied 188:1-2
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Hoe kan ek vreugde ervaar? (1)**

**Inleiding**
**A: God is vol vreugde**

1. Party mense se idee oor God...
2. Sef. 3:17: *Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou*.
3. Al 3 gelykenisse in Luk 15 gaan oor God se vreugde wanneer verlore mense gered word.
4. Matt. 25: 21, 23: *Kom in en deel in my vreugde!*
5. Jesus se vreugde:
    a. Joh. 15:11: *Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees*.
    b. Joh. 17:13: *Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulle kan hê*.
    c. Jesus se blydskap maak ons Vader se blydskap bekend!

**B: God en vreugde loop hand aan hand**

1. Die psalms:
    a. Psalm 2: *Kom dien die Heer en wees in Hom verblyd met blydskap wat Hom huldig as die Heer!*
    b. Psalm 9: *Ek sing omdat ek in U bly is!*
    c. Psalm 33: *Sing vrolik... hef die stem na bowe!*
    d. Ps. 100: *Juig al wat leef, juig voor die Heer, dien God met blydskap, gee Hom eer!*
    e. Ps. 146: *Prys die Heer met blye galme!*
2. Die psalms waar die skepping vrolik die glorie van God besing! (Ps. 8, 19, 65, 104, 148)
3. Psalm 119 vertel watter vreugde daar in die Woord en die gebooie van die Here is. (v.7, 14, 16, 24, 35, 47, 54, 77, ens.)

4. Die hemelskares wat met bly harte God se reddingsdade prys! (Ps. 148:2, Open. 4&5)
5. Die punt: God en vreugde loop hand aan hand!

**C: God deel vreugde uit!**

1. Pred. 2:26: *Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydskap.*
2. Die Heilige Gees en die uitdeel van vreugde:
    a. Gal. 5:22: *Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede*...
    b. Hand. 13:52: *Die gelowiges in Antiogië was vol blydskap en vol van die Heilige Gees*.
    c. Rom. 14:17: *Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee*.
    d. 1 Tes. 1:6: *In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydskap wat van die Heilige Gees kom*.
3. Jy gaan soek vreugde by God, want Hy is die groot Uitdeler van vreugde!

**D: Die wêreld se soort vreugde**

1. Namaaksels teenoor die ware Jakob.
2. Mense maak verál met vreugde dieselfde soort fout!
3. Hoe lyk die wêreld se soort vreugde?
    a. Afhanklik van uiterlike omstandighede.
    b. Afhanklik van die mooi goed wat jy besit.
    c. Tydelik en duur.

**E: God se soort vreugde**

1. Nie afhanklik van omstandighede nie. (Fillipensebrief, Hand. 16:23-25, Hand. 5:41, Rom. 5:3, Kol. 1:24, 1 Pet. 4:13)
2. Nie gekoppel aan mooi blink goed nie. (Mark. 1:45, 15:41, Hand. 2:46, 2 Tim. 4:13)
3. Blywende vreugde en dis verniet! (Gal. 5:22)